Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 138: 10 November 2017

WAT HET ONS MET 2017 GEDOEN?

'n Jaar gelede wou-wou die toekoms begin donker lyk, en wou dit voorkom asof Framesby effens onder die radar verdwyn het. Soos die jaar egter gevorder het, het dit gaandeweg duidelik geword dat hierdie 'n baie spesiale jaar in ons geskiedenis sou word. Nie dat daar besondere hoogtepunte beleef is nie, maar 'n baie positiewe gees het voelbaar binne die Framesby-gemeenskap begin gestalte kry.

Dat Framesby baie maklik die teiken raak van negatiewe kritiek, was nog altyd 'n gegewe, en die skool loop dikwels deur onder venynige smeerveldtogte, selfs vanuit ons eie ouergemeenskap. Tog klou ons verbete vas aan die geloof dat almal hier alles sal gee in belang van ons leerders. Hierdie jaar was geen uitsondering nie, maar die positiewe terugvoering en openlike bewondering wat die skool vanuit verskeie oorde geniet het, het die negatiewe by verre oorskry.

Hoogtepunte was daar beslis. So het ons O/18-rugbyspan ons land se eer gaan verdedig in Japan. Watter ongelooflike ervaring! Ons atlete het groot hoogtes bereik en landwyd hul merk gemaak, terwyl ons eerste hokkiespan die jaar met 'n reeks baie goeie oorwinnings afgeskop het. Op die rugbyveld het ons afgereken met byna al die Oos-Kaap-skole teen wie ons gespeel het, en op die netbalbaan het ons meisies hulle deeglik laat geld.

Dis egter nie prestasies wat regtig 'n skool definieer nie. Die geluk van die leerders en personeel, sowel as die tevredenheid van die ouergemeenskap, is eintlik waaroor dit gaan. Soos oral maar die geval is, word Framesby ook uitgedaag deur 'n handvol dislojale, swak-gemanierde leerders, en ouers by wie daar geen dankbaarheid en respek te bespeur is nie. Gelukkig is hulle só ver in die minderheid dat dit eintlik nie eens die moeite werd is om daaroor te praat nie. Tog bly dit ons uitdaging om óf hierdie elemente om te swaai tot positiewe en gelukkige familielede, óf om hulle stelselmatig hier uit te werk.

Laagtepunte was daar ook. Ons moes met leedwese verneem van die afsterwe van enkele ouers en ook oud-leerders. Alhoewel dit seker onvermydelik is dat, binne so 'n groot skoolgemeenskap, hartseer deel van ons daaglikse bestaan kan wees, bly dit swaar om veral ons leerders te sien gebuk gaan onder die swaar las van verlies. Ons harte gaan uit na almal wat in hierdie jaar ernstig beproef is. As 'n skool waarin die oorgrote meerderheid dieselfde geloofsoortuiging deel, was dit 'n skok om onder die vergrootglas geplaas te word, bloot omdat dinge gedoen is op 'n manier wat nog altyd as heel natuurlik aanvaar is. Nuwe uitdagings oor die hantering hiervan staan breed in ons skool se toekomspad. Die regering staan intussen oënskynlik gereed om gaandeweg sy greep op die onderwys, en meer spesifiek op skole soos Framesby, te verstewig. Nog iets wat nugter denke in die toekoms gaan vereis.

Ons moet aanvaar dat almal van ons nie net toevallig hier saamgegroepeer is nie, maar dat ons dalk net hier is om werklik 'n verskil te maak en saam die toekoms by die horings te pak! Laat DIT die groot hoogtepunt van 2017 wees!

ONTHOU!!!

ALGEMENE OUERVERGADERING

BEGROTING 2018

16 NOVEMBER 2017 in die Skoolsaal

19:00

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Emmelieke Fouché 8F
Carli Human 8A
Rolanda Swart 12D
Kristen van Rooyen 9C

Sondag
Leandra Anderson 12F
Lize-Mé Otto 9A

Maandag
Brendon Blignaut 10A

Dinsdag
Tobias du Preez 11F
Joshua Gouws 11F
Renico Harris 10C
Chiné Kleyngeld 12B
Deidré Pietersen 10C

Woensdag
Simoné de Beer 9E
Ankia de Vos 9C
Nicole Hamilton 10D
Kayla Jacobs 11C
Tiaan Koekemoer 11F
Nelrie Kruger 10C
Dané Munro 9C

Donderdag
Monique van As 12F
Anke van Staden 9C

Vrydag
Geen

2018 – WAT HOU DIT IN?

ASSESSERING IN 2018: DIE EINTLIKE DOEL

Dis baie maklik om binne ‘n baie besige skoolprogram fokus te verloor en die heel belangrikste komponent van die skoolprogram te verloor, die akademie. ‘n Skool soos Framesby bied besondere geleenthede aan alle leerders om hulle op verskeie terreine te laat toerus vir die volwasse lewe, en ons moedig almal aan om so veel en wyd as moontlik deel te neem, en geleenthede aan te gryp. Baie van hierdie geleenthede op sport- en kultuurgebied konfronteer ons leerders egter met baie groot uitdagings, veral om die balans te vind tussen gesonde deelname en toewyding aan die akademie. Dis daarom baie belangrik dat almal hulself moet vergewis van die assesserings-geleenthede waar hul kennis getoets sal word, en waarmee hul toekoms grootliks bepaal word.

Eerste kwartaal: Die skoolprogram gaan dwarsdeur die eerste kwartaal normaal voort en daar word geen voorsiening gemaak vir ‘n tyd waarin slegs toetse of eksamens geskryf word nie. By elke vak word die assesseringsaktiwiteite vir elke kwartaal voorgeskryf, en sal daar deur die loop van die kwartaal spesiale geleenthede geskep word wanneer toetse afgelê sal word. Ons sal reeds vroeg in Februarie hiermee begin en elke huishouding sal betyds ‘n volledige program ontvang. Intussen sal daar in elke vak ook geleenthede wees waar SGA-opdragte voltooi sal word.

Tweede kwartaal: Die tweede kwartaal is ‘n eksamen-kwartaal, en die Junie-eksamen sal op Vrydag 25 Mei in aanvang neem. Gedurende die verloop van die kwartaal sal verskeie SGA-aktiwiteite afgehandel word.

Derde kwartaal: Slegs die Graad 12’s skryf in hierdie kwartaal eksamen. Die Voorbereidende Eksamen behoort op Maandag 27 Augustus in aanvang te neem. Alle vraestelle in hierdie eksamen word deur die Departement van Onderwys voorsien. Die res van die skool sal aan die einde van die kwartaal hul SGA-toetse tydens ‘n Toetsreeks aflê. Hierdie toetsreeks sal op Donderdag 13 September begin.

Vierde kwartaal: Die vierde kwartaal is ‘n eksamen-kwartaal en is ‘n baie kort kwartaal, veral vir die senior leerders. Die eindekamen vir die Graad 12’s behoort op Maandag 15 Oktober te begin, alhoewel die skole bietjie later sluit in 2018, en die Departement van Onderwys moontlik die begindatum bietjie kan aanskuif. Normaalweg begin die Graad 10 en -11-leerders die volgende Maandag met hul eindeksamen. Van sinvolle onderrigtyd om nuwe werk nog baas te raak, is daar dus baie min sprake.

Met hierdie inligting in gedagte, versoek ons graag ons ouers om kennis te neem van die akademiese program. Elke huishouding sal soos gebruiklik, vroeg in 2018 ‘n volledige assesseringskalender ontvang waarin alle assesseringsdatums so volledig moontlik aangebring is. Met die eksamen- en toetsreeksdatums wat nou reeds bekend is, sal dit baie kortsigtig wees om afsprake vir bestuurslisensies of ortodontiese ondersoeke of –behandeling binne eksamentye te maak.

‘n Verdere aspek wat deurlopend groot kopsere veroorsaak, is die versuim van sommige leerders om SGA-opdragte te voltooi en in te handig. Die Departement van Onderwys se beleid hieroor is duidelik. Die skool moet alle pogings moontlik aanwend om sodanige opdragte in te kry, maar wanneer alle moontlke pogings vrugteloos blyk te wees, die leerder wat hom of haar skuldig maak aan pligsversuim, nie ‘n punt vir die bepaalde aktiwiteit ontvang nie, en ook nie geregtig is om sy of haar uitslae te ontvang totdat alle verpligtinge nagekom is nie. ‘n Leerder kan dus nie bevorder word na ‘n volgende Graad indien daar nie aan alle vereistes voldoen is nie. Hierdie reël sal vanjaar streng deur die Departement toegepas word met die Graad 12-uitslae. Vir alle leerders waar SGA-opdragte nie voltooi is nie, moes ‘n verslag saam met die SGA-skedules ingehandig word, en sodanige kandidate gaan nie hul uitslae in Januarie ontvang nie. Assessering in AL sy fasette is dus van kardinale belang!

PROGRAM VIR DIE WEEK 11 TOT 17 NOVEMBER

Saterdag 11 November	Sondag 12 November	Maandag 13 November	Dinsdag 14 November	Woensdag 15 November	Donderdag 16 November	Vrydag 17 November
		Eksamen vir alle grade	**Eksamen vir alle grade**	**Eksamen vir alle grade**	**Eksamen vir alle grade** **Algemene ouervergadering** Begroting (19:00)	**Eksamen vir alle grade**

FRAMESBY BLY AAN DIE GANG!

BELANGRIKE DATUMS VIR 2018: NEEM KENNIS!

Kwartaal 1	**Aktiwiteit**	**Plek**
17 Januarie 2018	Skole heropen	
19 – 20 Januarie 2018	Graad 8-kamp en ouerbraai (Saterdag)	Framesby
22Januarie 2018	Matriek-oueraand	Skoolsaal 19:00
26 Januarie 2018	Interhuis-atletiek	Framesby
9 Februarie	Sone-atletiekbyeenkoms	Westborne Oval
12 Februarie – 20 Maart 2017	Toetsgleuwe op Maandae, Donderdae en Vrydae	
28 Maart 2018	Skole sluit - Rapporte	
Kwartaal 2		
10 April 2018	Skole heropen	
27 April – 2 Mei 2018	Langnaweek	
25 Mei 2018	Junie-eksamen begin	
22 Junie 2018	Skole sluit – Rapporte	
Kwartaal 3		
17 Julie 2018	Skole heropen	
9 – 12 Augustus 2018	Langnaweek	
17 Augustus 2018	Fotodag en Groot Brag	Framesby
18 Augustus 2018	Interskole (Classic Clash)	Framesby
27 Augustus 2018	Voorbereidende Eksamen Gr. 12 begin	
13 September 2018	Toetsreeks Gr. 8 – 11 begin	
21 – 24 September 2018	Langnaweek	
28 September 2018	Skole sluit - Rapporte	
Kwartaal 4		
9 Oktober 2018	Skole heropen	
11 Oktober 2018	Sport- en kultuurtoekenningsaand	Framesby
15 Oktober 2018	Graad 12 Eindeksamen begin	
16 Oktober 2018	Diplomaplegtigheid	Framesby
18 Oktober 2018	Akademiese Prysuitdeling	Framesby
22 Oktober 2018	Graad 10 en 11 Eindeksamen begin	
5 November 2018	Graad 8 en 9 Eindeksamen begin	
12 Desember 2018	Skole sluit - Rapporte	

EKSAMEN VIR ALLE GRADE HIERDIE WEEK

Met die tweede laaste week van die eksamen wat nou voorlê, het die tyd vir vasbyt aangebreek. Niks kan nou belangriker wees as die akademie nie! Die eksamenrooster vir hierdie week is as volg:

	Graad 8	**Graad 9**	**Graad 10**		**Graad 11**		**Graad 12**	
			09:00	**14:00**	**09:00**	**14:00**	**09:00**	**14:00**
Ma 13/11	SW	NW	FW V2		Wisk V2 WG V2		LW V2	IGO V1
Di 14/11	Eng P2	Musiek Xhosa	Toer	Mus. V2		CAT V2		VS
Wo 15/11	Teg	Afr V2 Eng HL P2			IGO V1	Eng P2	Afr V2	
Do 16/11	LO	SK		LW V1		Afr V1		
Vr 17/11	SK	Eng FAL P2	Geo V1	Geo V2	LW V1	IGO V1		

IETS VIR DIE SIEL EN ALGEMEEN

DIE RAAISEL VAN DIE KWAAD

Dit is moontlik dat ons al so gewoond is aan kwaad en sonde as deel van ons lewenswerklikheid, dat ons nie meer besef hoe vreemd dit eintlik is dat daar in Gods goeie skepping so iets as kwaad en sonde kan wees nie. Ons noem dit selfs iets natuurliks, terwyl dit tog wesenlik teen-natuurlik is. Dit val 'n mens op dat die Bybel self meermale op die raaiselagtige karakter van die kwaad wys. Dink maar aan die beskrywing wat die apostel Jakobus van die tong van die mens gee (Jakobus 3:1–12). Hy wys op 'n aangrypende manier die kwaad aan wat in die verkeerde gebruik van die tong opgesluit lê. Wat hom egter die meeste opval, is die ongerymdheid daarvan dat 'n mens met dieselfde tong God kan loof en die medemens kan vervloek. So iets is eenvoudig onvoorstelbaar. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie. 'n Vyeboom kan tog nie olywe voortbring of 'n wingerdstok vye nie. Op dieselfde wyse behoort dit onmoontlik te wees vir 'n mens wat God só ken dat hy behoefte daaraan het om God te loof, om met dieselfde tong die medemens wat na die beeld van God geskape is, te vervloek. Dit is die teen-natuurlike van die kwaad. Wat in die orde van die natuur tot die onmoontlike behoort, behoort op raaiselagtige manier tot die werklikheid van die mens. Jesaja sê dat 'n os sy besitter ken en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel, die volk van die Here, het geen kennis nie (Jesaja 1:3). In die mens woon goed en kwaad saam.

Die mens is innerlik verdeeld en verward. Hy is deur God goed geskape, en tog kies hy die sonde bo die gemeenskap met God. Hy is deur God vir die liefde geskape, en tog word hy byna voortdurend beheers deur haat. God het hom bestem vir die lewe, en tog gryp hy naarstiglik na dinge wat vir hom moet uitloop op die dood. Dit is die verbysterende werklikheid van die mens.

Dit is onmoontlik om 'n verklaring vir hierdie teenstrydigheid te bied. Elke verklaring wat gebied word, loop op die een of ander wyse daarop uit dat die mens homself probeer verontskuldig. Ons is meesters daarin om die skuld vir ons toestand op andere te probeer afskuif. Die ergste van alles sou wees dat 'n mens op die een of ander manier aan God die skuld vir ons toestand gee deur te sê dat Hy ons nou maar een maal so gemaak het. Dit het Adam al probeer, toe hy aan God gesê het: "Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet!"

As die Bybel ons één ding oor die sonde leer, dan is dit dat dit nie van God afkomstig is nie en dat ons niemand anders as net onsself daarvoor kan blameer nie. Op die raaisel van die kwaad kan 'n mens nie met intellektuele verklarings reageer nie, maar net met belydenis en berou. Slegs dan is daar verlossing.

Uit *Die Burger,* 5 November 1977

SKOOLFONDSREKENING BY EERSTE NASIONALE BANK

Soos reeds die afgelope twee weke berig, versoek ons dat ALLE betalings aan die skool in die Eerste Nasionale Bank-rekening betaal word:

Bank: Eerste Nasionale Bank

Rekeninghouer: Hoërskool Framesby
Rekeningnommer: 62576528859
Verwysing: Slegs u kind se naam en toelatingsnommer, bv. Jannie7000